

HUURKONTRAK

HUURKONTRAK AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN:

OCKERT JACOBUS ELS en
ELIZABETH CATHARINA ELS,
in ons hoedanigheid as Trustees van

LOIRE TRUST (Registrasienuommer IT1148/99)

aangestel kragtens Magtigingsbrief uitgereik deur die Meester van die Hoërhof, Kaapstad op
12 April 1999 en Meestersertifikaat gedateer 23 Januarie 2003

(hierinlater die Verhuurder genoem)

van Viljoenstraat 26, Bredasdorp, 7280

Tel: 028 - 425 1831

E-pos: ockie@oiplanthire.co.za

en

KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT

hierin verteenwoordig deur DEAN GABRIËL IAN O' NEILL, in sy hoedanigheid as Munisipale
Bestuurder behoorlik gemagtig kragtens UBK besluit BK186/2014 gedateer 30 September 2014 en
Raadsbesluit 205/2014.

(hierinlater die Huurder genoem)

Posbus 51, Bredasdorp, 7280

Tel: 028-425 5500

AANGESIEN die Verhuurder die eienaar is van die eiendom hierinlater beskryf en die partye
ooreenkoms bereik het aangaande die Huurder se voorgenome huur van die eiendom onderhewig
aan die opskrifstelling daarvan;

Handwritten signatures and initials at the bottom right of the page.

DERHALWE KOM DIE PARTYE SOOS VOLG OOREEN:**1. EIENDOM**

Die Verhuurder verhuur aan die Huurder wat van hom huur die gebou bekend as "Ou Nedbank Gebou" op die eiendom geleë te Erf 1507, Van Riebeeckstraat, Bredasdorp (hierna verwys na as "die eiendom") op die terme en voorwaardes hierin vervat.

2. TERMYN

2.1 Die huurkontrak neem 'n aanvang op die 16 Januarie 2015, niesteenstaande datum van ondertekening hiervan en sal voortduur tot en met 31 Desember 2017.

2.2 Na afloop van die bogenelde tydperk het die huurder die opsie om die huurtermyn vir 'n verdere 3 jaar te verleng. Die maandelikse huurbedrag sal 7,5% hoër wees as die maand wat die nuwe huurperiode voorafgaan.

2.3 Indien die opsie uitgeoefen word sal die volgende reëling geld:

Die huurder moet twee (2) kalendermaande skriftelike kennis gee aan die verhuurder van sy/haar voorneme om bogenoemde opsie uit te oefen.

2.4 Die uitoefening van die opsie sal onderhewig wees aan die instemming van die verhuurder en is daar geen verpligting op die verhuurder om wel die opsie aan die huurder beskikbaar te stel nie.

3. HUURGELD

3.1 Die huurgeld betaalbaar beloop die bedrag van R25 000,00 per maand, plus BTW @ 14% synde 'n totaal van R28 500,00 per maand. Die huurgeld verhoog jaarliks op 1 Januarie met 7,5%.

3.2 Die huurgeld is maandeliks vooruit betaalbaar, voor of op die 1ste dag van elke maand welke betalings betaalbaar is op sodanige plek as wat die Verhuurder van tyd tot tyd skriftelik mag aandui.

3.3 Direkte inbetalings:

BANK: NEDBANK

REK NAAM: LOIRE TRUST

REK NO: 2251000151

TAKKODE: 198 765

VERWYSING: VAN RIEBEECK GEBOU

3.4 Die Huurder is nie geregtig om betaling van huurgeld te weerhou of aftrekkings ten aansien daarvan te doen op grond daarvan dat die Huurder nie die geheel van die verhuurde eiendom benut nie, tensy die Verhuurder die Huurder verhoed het om die eiendom te benut vir die doel hierin omskryf.

Handwritten signatures and initials at the bottom right of the page, including a large signature and several smaller initials.

- 3.5 Die Huurder is nie geregtig om betaling van huurgeld te weerhou op grond daarvan dat die eiendom nie behoorlik onderhou word nie.
- 3.6 Gedurende die huurtermyn mag die Huurder nie sonder die skriftelike toestemming van die Verhuurder enige roerende eiendom wat die Huurder by die aanvang van of tydens die huurkontrak op of in die huurperseel geplaas het, verwyder nie. Die verstandhouding is dat sodanige roerende eiendom op of in die huurperseel moet bly as sekuriteit vir alle huurgeld of ander bedrae waarvoor die Huurder ingevolge hierdie ooreenkoms aanspreeklik is.
- 3.7 Huurgeld wat ontvang word na die 1 ste dag van die maand waarin die huurgeld betaalbaar is, sal onderworpe wees aan 'n heffing van R100.00 (Een Honderd Rand) per dag om invorderingsgelde en / of addisionele administrasiekoste te dek. Die heffing sal van die Huurder se deposito afgetrek word.
- 3.8 Bo en behalwe die huurgeld kom die Huurder ooreen dat hy aanspreeklikheid aanvaar en 'n bydrae van R. ~~488215.00~~ sal maak tot die bouwerk, lugversorgings en herstelwerk gedoen aan die eiendom, voor okkupasie. Hierdie bedrag sal die Huurder aan die Verhuurder betaal by wyse van 6 gelyke maandelikse paaiemente van R. ~~81369.16~~ elk, synde op 16 Januarie, 1 Februarie 2015, 1 Maart 2015, 1 April 2015, 1 Mei 2015 en 1 Junie 2015.

4. DEPOSITO

- 4.1 Die Huurder sal voor okkupasie 'n deposito gelykstaande aan een maand se huurgeld aan die Verhuurder betaal. Die sleutel van die gebou sal slegs oorhandig word indien die deposito reeds betaal is.
- 4.2 Die deposito sal deur die Verhuurder gehou word vir solank as wat die Huurder aanspreeklik is vir enige belang in terme hiervan. Hierdie bedrag mag deur die Verhuurder in sy eie diskresie aangewend word vir die herstel van enige skade aan die verhuurde eiendom aangerig, vervanging van sleutels, agterstallige betalings aan die plaaslike owerheid en / of betalings vir die oordra van diensterekeninge sowel as vir die betaling van huurgeld wat nie op die vervalddag betaal is nie. Die deposito sal deur die Verhuurder belê word by 'n finansiële instansie tot voordeel van die Huurder.
- 4.3 Die Huurder en die Verhuurder sal kragtens die bepalings van artikel 5 van die Wet op Huurbehuising 50 van 1999 gesamentlik 'n inspeksie van die eiendom doen voor okkupasie daarvan deur die Huurder en kom in die verband ooreen dat :
- 4.3.1 die partye 'n lys sal maak tydens sodanige inspeksie van alle gebreke aan die eiendom wat dit onokkuperbaar mag maak of wat herstelwerk benodig asook enige ander gebreke wat by aanvang van die huurkontrak mag bestaan;
- 4.3.2 die partye sal in sodanige lys aandui welke gebreke hulle ooreengekom het deur die Verhuurder herstel sal word voordat die Huurder okkupasie van die eiendom neem of so spoedig moontlik daarna;
- 4.3.3 sodanige lys aangeheg word tot hierdie ooreenkoms as 'n bylae. (Sien Bylae A)
- 4.4 Die partye kom ooreen om minstens 3 (DRIE) dae voor beëindiging van die huurkontrak weer gesamentlik 'n inspeksie van die eiendom te doen op 'n geskikte ooreengekome dag en tyd en sal,
- 4.4.1 enige gebreke en of skade aan die eiendom op skrif stel in 'n verdere lys, welke gebreke, tensy aangedui in die lys van gebreke vervat in 4.3.1 wat nie herstel is by die aanvang van die huurkontrak nie, deur die Huurder op die Huurder se koste herstel sal word;

- 4.4.2 met sodanige lys van gebreke en die deposito van die Huurder handel ooreenkomstig artikel 5 van die Wet op Huurbehuising 50 van 1999. Indien die eiendom steeds gemeubileer is op datum van inspeksie, sal die eienaar geregtig wees op 'n her-inspeksie nadat die eiendom totaal ontruim is.
- 4.5 Indien die huurder nalaat om die inspeksie, soos gereël deur die verhuurder by te woon, sal die verhuurder geregtig wees om skade te bepaal sonder verdere verwysing na die huurder.
- 4.6 Die partye boekstaaf dat die eiendom en die geboue en ander verbeterings daarop, beide binne en buite, insluitende alle vensters, slotte, handvatsels, ander aanhegtings en installasies, elektriese toerusting in 'n goeie werkende toestand is, behalwe vir sover as wat andersins aangedui word in die lys van gebreke hertoe aangeheg wat deur die partye opgestel is by die aanvang van die huurkontrak.
- 4.7 Wanneer ookal die deposito gedurende die huurtermyn aldus geheel of gedeeltelik aangewend is, moet die Huurder, op aanvraag, die deposito tot die oorspronklike bedrag herstel.
- 4.8 Die balans van die deposito (indien enige) en enige opgehoopte rente sal so gou as doenlik, maar binne dertig (30) dae na ontruiming van die woning, aan die Huurder terugbetaal word.

5. GEBRUIK

Die Huurder sal nie geregtig wees om die eiendom te gebruik vir enige ander doel as vir kantore nie.

6. ONDERVERHURING EN SESSIE


Die Huurder is nie geregtig om hierdie huurkontrak te sedeer of aan enige ander party oor te maak of om die eiendom onder te verhuur of andersins uit sy besit te laat gaan nie, of om toe te laat dat enige ander persoon, die eiendom okkupeer sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Verhuurder nie.

7. BELASTING, ELEKTRISITEIT EN INSTANDHOUDING

- 7.1 Die Huurder sal, bo-en-behalwe die betaling van die huurgeld, ook verantwoordelik wees vir die betaling van die eiendomsbelasting, elektrisiteits- & watergebruik, vullisverwydering en sanitasie aan die Plaaslike Owerheid. Die volle munisipale rekening is dus die Huurder se verantwoordelikheid. Die Huurder sal die posadres van die Munisipale eiendomsbelastingrekening wysig sodat hy dit direk ontvang en dit nie na die Verhuurder gepos word nie.
- 7.2 Indien die Huurder gebruik wil maak van 'n vastelyn telefoondiens en alarmstelsel of blindings wil hang moet hyself sodanige aansluiting reël en sorg vir die behoorlike werking en instandhouding van die diens. Alle kostes hieraan verbonde is vir die rekening van die Huurder. Na beëindiging van die Huurkontrak bly die alarmstelsel en blindings die eiendom van die Huurder.
- 7.3 By aanvaarding van die ooreenkoms en nie later nie as binne sewe (7) dae daarna sal die Huurder die nodige dokumente voltooi en relevante reëlings met die Plaaslike Owerheid tref om die krag-, vullisverwydering-, riooldienste- en waterrekening op sy naam oor te plaas en sal hy ook aanspreeklik wees vir die koste verbonde aan sodanige oordrag.

[Handwritten signatures and initials]

- 7.4 Aan die einde van die huurtermyn is die Huurder weereens verantwoordelik om sodanige dienste op te skort of die daaropvolgende inwoner toe te laat om die rekeninge op sodanige persoon se naam te laat oordra.
- 7.5 Die Huurder is gedurende die huurtermyn verantwoordelik vir die onderhoud en instandhouding van die volgende (redelike slytasie uitgesluit):
- 7.5.1 alle aanhegtings van die eiendom en geboue, insluitend die blindings;
 - 7.5.2 lugreëling installasies;
 - 7.5.3 alle elektriese installasies, beligting, insluitende vervanging van gloeilampe;
 - 7.5.4 die alarmstelsel en betaling van die diensteheffing van die alarm moniteringstelsel;
- 7.6 Die Huurder sal:
- 7.6.1 verantwoordelik wees vir instandhouding en onderhoud van die binneruim van die kantoorgebou op die eiendom en sal alle herstelwerk aan installasies daarin en die binneruim in die algemeen op sy koste doen ten einde te verseker dat alle installasies te alle tye in 'n goeie werkende toestand is;
 - 7.6.2 nie die eiendom, die geboue daarop of enige aanhegtings daartoe beskadig nie en sal verantwoordelik wees vir die herstel van alle skade aan sodanige aanhegtings;
- 7.7 Die Huurder sal verder:
- 7.7.1 toesien dat geen blokkasies in die rioolstelsel of waterstelsel van die eiendom ontstaan nie en sal op sy koste enige sodanige blokkasies laat verwyder of herstel;
 - 7.7.2 verantwoordelik wees vir die herstel van die riool- en watertoevoerstelsel, anders as enige grootskaalse strukturele defekte soos hieronder na verwys;
 - 7.7.3 nie geregtig wees op kwytskelding van huurgeld of enige gedeelte daarvan, of om betaling van huurgeld te weerhou, as gevolg van enige onderbreking in die water- of elektrisiteitstoevoer of enige ander diens aan die eiendom nie, buiten indien die Verhuurder se optrede die oorsaak is daarvan;
 - 7.7.4 nie toelaat dat afval op die eiendom ophoop, buiten in die vullishouers nie;
 - 7.7.5 toesien dat enige aanhegtings tot die eiendom wat deur die Huurder aangebring word van aanvaarbare hoë kwaliteit is en ooreenstem met die estetiese standaard van die eiendom en geboue daarop;
- 7.8 Die Huurder is nie geregtig om enige veranderings, verbrekings of verbeterings aan die binne of buitekant van die geboue op die eiendom aan te bring sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Verhuurder nie;
- 7.9 Die Huurder is nie:
- 7.9.1 geregtig op vergoeding vir enige verbeterings aangebring aan die eiendom nie en sal nie geregtig wees om die koste van enige sodanige verbeterings te verreken teen uitstaande huurgeld nie, dog die Huurder sal geregtig wees om enige verbeterings aan die eiendom deur hom aangebring by verstryking van die huurtermyn te verwyder op voorwaarde dat die eiendom herstel en gelaat word in dieselfde toestand waarin dit was by die aanvang van die huurtermyn;
 - 7.9.2 geregtig om enige openbare veilings op die eiendom te hou nie;



- 7.9.3 enigiets te doen wat die Verhuurder se brand- of ander versekering ten aansien van die eiendom negatief raak of verhoging van die premies veroorsaak nie, welke verhogings, indien enige, op aanvraag deur die Huurder betaalbaar sal wees.
- 7.9.4 'n oorlas te wees vir enige persoon of instansie wat eiendom okkupeer aangrensend tot die eiendom hierkragtens verhuur nie.
- 7.10 Die Huurder stem toe dat die matte, aan die einde van die huurtermyn, professioneel skoongemaak word en sodanige kostes sal van die deposito verhaal word. Die Verhuurder sal so 'n professionele persoon/instansie benoem.
- 7.11 Die Huurder stem verder toe dat, indien die eiendom aan die einde van die termyn in 'n onnet toestand is, 'n professionele skoonmaakdiens deur die Verhuurder benoem word om toe te sien tot die herstel van die eiendom tot 'n netjiese toestand, welke kostes ook verhaal sal word van die deposito.

8. VERSUIM OM IN STAND TE HOU

Indien die Huurder versuim om die eiendom en die geboue daarop behoorlik in stand te hou soos hierin bepaal, of dit sou beskadig, sal die Verhuurder geregtig wees om die Huurder skriftelik te versoek om sodanige instandhouding of herstelwerk binne 14 (VEERTIEN) dae uit te voer en sou die Huurder versuim om desnieteenstaande die aanvang, die nodige herstelwerk te doen, sal die Verhuurder geregtig wees om sodanige herstelwerk te doen en die koste daarvan van die Huurder te verhaal. Die Verhuurder sal addisioneel tot die voorgaande, geregtig wees om die huurooreenkoms te kanselleer uit hoofde van die Huurder se versuim.

9. ERKENNINGS

Die Huurder erken dat :

- 9.1 Die huurperseel verhuur word onderhewig aan die voorwaardes vervat in die titelakte van die eiendom waarop die huurperseel geleë is en die voorwaardes van enige dorpsbeplanningskema;
- 9.2 Hy hom vergewis het dat die huurperseel geskik is vir die doeleindes waarvoor dit verhuur word;
- 9.3 Die partye die huurperseel voor aanvang van die huurkontak saam geïnspekteer het en dat die eiendom en die geboue in 'n goeie en netjiese toestand is, behalwe in soverre andersins aangedui word in 'n bylae hiertoe na aanleiding van die inspeksie;
- 9.4 Die Huurder die risiko dra ten opsigte van alle goedere wat hy in of op die huurperseel bring en dat die Verhuurder geen verantwoordelikheid en geen aanspreeklikheid ten opsigte daarvan sal dra nie.

10. VERHUURDER SE VERPLIGTINGE

Die Verhuurder is verplig om die eiendom in stand te hou in die volgende opsigte:

- 10.1 Die instandhouding van die dak, hoofstruktuur en buitekant van die geboue op die eiendom ten einde te verseker dat die geboue te alle tye geskik is;

[Handwritten signatures and initials]

- 10.2 Die vervanging van beskadigde vensterruite en ander aanhegtings tot die eiendom, onderhewig daaraan dat sodanige skade te wyde is aan oorsake buite die beheer van die Huurder, wat nie die Huurder se verantwoordelikheid hierkragtens is nie en wat nie deur die Huurder, sy besoekers of ander persone wat die eiendom okkupeer, veroorsaak is nie;
- 10.3 Die herstelwerk aan oorhoofse strukturele gebreke en/of skade aan die riool- en watervoorsieningsnetwerk, met uitsluiting van normale kraanlekkasies, verstoppings en ander defekte wat deur normale slytasie en dag-tot-dag gebruik veroorsaak word of wat veroorsaak is deur die optrede of nalate van die Huurder;
- 10.4 Herstelwerk aan die warmwaterstelsel en -toestelle.
- 10.5 Ten aansien van herstelwerk wat aan die eiendom gedoen moet word gedurende die huurtermyn en wat die Verhuurder verplig is om kragtens hierdie ooreenkoms te doen, kom die partye soos volg ooreen:
- 10.5.1 die Huurder sal geen sodanige herstelwerk self doen en sal geen verhaalsreg van herstelkoste ten aansien daarvan teen die Verhuurder hê, tensy die Huurder die Verhuurder minstens 14 (VEERTIEN) dae skriftelik kennis gegee het van die herstelwerk wat noodsaaklik is en die aard daarvan en die Verhuurder in die tydperk versuim het om die herstelwerk te doen nie.
- 10.5.2 slegs die redelike en billike herstelkoste van enige herstelwerk gedoen deur die Huurder wanneer die Verhuurder in gebreke is om dit te doen, sal van die Verhuurder verhaalbaar wees.

11. ALGEHELE OF GEDEELTELIKE VERNIETIGING VAN DIE EIENDOM DEUR VIS MAJOR OF CAUSUS FORTUITUS:

Indien die eiendom as gevolg van kragte of natuurrampe

- 11.1. heeltemal vernietig word, loop hierdie Huurkontrak vervolgens ten einde;
- 11.2. gedeeltelik vernietig word, moet die Huurder 'n vermindering van huurgeld geniet, eweredig aan die mate waarin hy van die gebruik en okkupasie van die eiendom ontnem is, totdat die gedeeltelike vernietiging daarvan herstel is. Die Verhuurder en die Huurder moet met mekaar ooreenkom oor die bedrag van sodanige vermindering.

12. VRYWARINGS

- 12.1 Die Verhuurder sal nie aanspreeklik wees vir enige skade, verlies of besering gely deur die Huurder of enige okkupeerder van die eiendom of enige ander besoeker wat te enige tyd gedurende die huurtermyn op die eiendom veroorsaak word, behalwe insoverre die Verhuurder vir sodanige verliese aanspreeklik mag wees kragtens die bepalings van Wet 68 van 2008. ("The Consumer Protection Act")
- 12.2 Die Verhuurder is nie aanspreeklik vir enige skade gely deur die Huurder, of okkupeerders of toevallige besoekers aan die eiendom wat veroorsaak word deur reën, wind, hael, weerlig, brand, storms, daklekkasies of skade veroorsaak deur openbare geweld en opstande of as gevolg van enige ander oorsake buite die beheer van die Verhuurder nie.

Handwritten signatures and initials in the bottom right corner, including a large 'D' and several other marks.

- 12.3 Nieteenstaande die voorgaande is die Verhuurder nie aanspreeklik vir skade veroorsaak deur die dood of persoonlike besering van die Huurder, of enige persone wat die eiendom deur hom okkupeer nie en/of enige ander persoon, behalwe vir sover as wat sodanige skade veroorsaak is deur 'n handeling of late van die Verhuurder.
- 12.4 Die Huurder vrywaar die Verhuurder dienooreenkomstig teen sodanige eise, skade en/of kostes.

13. **REGULASIES EN WETGEWING**

Die Huurder is verplig om alle Munisipale Regulasies en wetgewing van enige aard te gehoorsaam sowel as enige bepalinge vervat in die titelakte van die eiendom betreffende die gebruiks- en ander regte ten aansien van die eiendom, welke bepalinge die Huurder erken hy mee vertrou is.

14. **KONTRAKBREUK**

- 14.1 Indien die Huurder nalaat of versuim om enige huurgeld stiptelik op die vervaldag soos hierin bepaal te betaal of hierdie ooreenkoms anders verbreek, of boedel oorgee of indien sy boedel gesekwestreer word, sal die Verhuurder geregtig wees om hierdie huurkontrak te kanselleer en die Huurder en alle persone wat deur hom okkupeer uit die eiendom te laat sit nadat die Verhuurder aan die Huurder kennis gegee het soos vereis in artikel 14(2)(b)(ii) van Wet 68 van 2008 (Verhuurder gee Huurder 20 besigheidsdae kennis) en sal die Verhuurder verder geregtig wees om skade en ander bedrae van die Huurder te eis, soos bepaal in artikel 14(3) van genoemde Wet.
- 14.2 Nieteenstaande enige iets teenstrydig hierin sal die Huurder verplig wees om in geval van 'n dispuut aangaande die kansellering van die huurooreenkoms vir solank as wat hy in okkupasie van die eiendom is, die maandelikse huur soos hierin beding, te betaal.
- 14.3 In geval van kansellering van die huurkontrak deur die Verhuurder, sal die Huurder verplig wees om onmiddellik die eiendom te ontruim en die Verhuurder in besit te stel van die huurperseel.

15. **LEWERING VAN EIENDOM NA VERSTRYKING VAN HUURTERMYN**

Die Huurder onderneem om die eiendom, asook alle aanhegtings daartoe aan die Verhuurder na afloop van die huurtermyn terug te lewer in dieselfde toestand as waarin dit was by die aanvang van die huurtermyn, normale slytasie uitgesluit, en sal meer spesifiek verplig wees om:

- 15.1 die vloere, vloerteëls en matte in 'n skoon toestand te lewer;
- 15.2 om alle spykers en aanhegtings aan die mure te verwyder en die oppervlaktes te herstel en te verf (waar van toepassing).

16. **"TE KOOP" KENNISGEWINGS**

Die Verhuurder sal geregtig wees om "te koop" of "te huur" -kennisgewings op die eiendom aan te bring en die Huurder sal verplig wees om te alle redelike tye toegang tot die eiendom aan voornemende kopers en/of Huurders te verleen.

Handwritten signatures and initials:
 G.
 J.
 H.
 S.
 S.

17. INSPEKSIE

Die Verhuurder sal te enige tyd die reg hê om die eiendom te inspekteer, persoonlik of by wyse van 'n agent.

18. DOMICILIUM

Die Huurder kies as sy *domicilium citandi et executandi* en die adres waar enige kennisgewing kragtens hierdie ooreenkoms geadresseer moet word of afgelewer moet word, die eiendom hierkragtens verhuur.

Die Verhuurder kies as sy adres waar ontvangs van alle dokumente of kennisgewings gedoen kan word die adres op bladsy 1 gemeld.

19. JURISDIKSIE

Die partye stem toe tot die jurisdiksie van die Landdroshof ten aansien van enige regsgeeding voortspruitend uit hierdie ooreenkoms, die kansellasië of die afdwinging daarvan, dog die Verhuurder behou die reg voor om aksie in te stel in enige bevoegde geregshof.

20. REGSKOSTE

Indien die Huurder en die Verhuurder betrokke sou raak in 'n regsgeeding voortspruitend uit hierdie ooreenkoms, die kansellasië of die afdwinging daarvan en die een party word gelas om die ander party se regskoste te betaal, kom die partye ooreen dat sodanige koste betaalbaar sal wees op 'n prokureur en kliëntskaal, tesame met enige invorderingskommissie en ander kostes en uitgawes wat sodanige party regtens mag verhaal.

21. KOSTE


Die partye kom ooreen dat die Huurder verplig sal wees om die koste van hierdie ooreenkoms en enige koste daarmee verbandhoudend, op aanvraag, te betaal. Indien die Huurder versuim om die koste te betaal, bly die Verhuurder teenoor LBF Prokureurs aanspreeklik vir betaling van die koste.

22. ALGEMEEN

Hierdie ooreenkoms is die uitsluitlike en volledige ooreenkoms tussen die partye en geen waarborg(e), voorstelling(s) of ander bedinge en voorwaardes van watter aard ookal wat nie hierin vervat is nie, sal op die partye bindend wees nie.

23. GEEN WYSIGING

Die partye kom ooreen dat hierdie ooreenkoms al die bepalings bevat waarop ooreengekom is en dat geen wysiging of kansellasië van hierdie ooreenkoms, insluitende hierdie klousule, of afstanddoening deur enige party van sy regte hierkragtens, geldig en afdwingbaar sal wees tensy dit op skrif gestel en deur beide partye hiertoe onderteken is nie.



24. REG VAN EERSTE WEIERING

Die Verhuurder gee hiermee aan die Huurder die reg van eerste weiering. Indien die Verhuurder sou besluit om die verhuurde eiendom te verkoop, dan het die Huurder die voorkeurreg om te koop teen die prys en voorwaardes wat die Verhuurder stel. Daar rus geen verpligting op die Verhuurder om te enige tyd die eiendom te verkoop nie, maar sou hy die besluit neem, is hy verplig om 'n aanbod eerstens aan die Huurder voor te lê. Indien die Huurder nie die aanbod binne 1 maand na skriftelike voorlegging skriftelik aanvaar nie, verval die Huurder se reg van eerste weiering, hierin vervat.

Hierdie reg is nie deur die Huurder oordraagbaar of sedeerbaar nie.

ALDUS GEDOEN EN ONDERTEKEN DEUR DIE VERHUURDER TE BREDASDORP

OP HIERDIE 20 DAG VAN Februarie 2015.

GETUIES:

1 [Handwritten Signature]

2 G. L. Thompson

[Handwritten Signature]
VERHUURDER

ALDUS GEDOEN EN ONDERTEKEN DEUR DIE HUURDER TE BREDASDORP

OP HIERDIE 26 DAG VAN Februarie 2015.

GETUIES:

1 [Handwritten Signature]

2 [Handwritten Signature]

[Handwritten Signature]
HUURDER

